Verskyn sedert 1 April 1873 as "De Maandbode" en sedert 1 Oktober 1894 as "Het Kerkblad"

die Kerkblad

'n Publikasie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika

Maart 2019

Die verkiesing

Die geskiedenis van die TSP

www.gksa.org.za

JAARGANG 120, NO. 3332 - Maart 2019

Inhoud

Maart 2019

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

1 VAN DIE REDAKTEUR
Jy kan laster in jou gebed

4 UIT DIE WOORD
Kom ons werk op die "ashope" van ons omgewing

6 REDAKSIONEEL
Teologiese Skool 150 – Woord en Universiteit

8 BRANDPUNT
Die verkiesing

FOKUS
10 Geloftedag (3) ... binne die tyd en plek waar God ons plaas
12 Die geskiedenis van die TSP (2)
16 Burgersdorp – oorsprong van die Teologiese Skool (1)
20 Miskenning van die kleureboog

AKTUEEL / BESINNING
22 Paulus – apostel onder die heidene

IN DANKBARE HERINNERING ...
24 Ds. AS Heystek (Fanus)

25 Briewe van ons lesers

ANDER
26 GK Nylstroom gedenk 21ste bestaansjaar

28 Lief en Leed
29 Kerklike administrasie
30 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE
REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:
- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2018 – 30 Junie 2019):
Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R275
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R396
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R372
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R115

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462

"U leer my hoe om te lewe.
By U is daar oorvloedige blydskap.
Uit u hand kom net wat mooi is."

– Psalm 16:11

EIENAARS EN UITGEWERS
Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

Prof. BJ de Klerk (Ben) (emeritus)

Kom ons werk op die "ashope" van ons omgewing

Lees: Hebreërs 13:7-19
Teks: Hebreërs 13:10-16 (veral vers 13)

Ons vermy die ashope en asgate in ons omgewing, maar kan ons nog 'n prentjie van die ashoop vorm? Mense wat tussen die rommel krap in die hoop om in 'n asbliksak dalk iets te kry om van te oorleef.

Is dit die enigste ashoop om ons? Daar is mense om ons op die ashoop van depressie, op die ashoop van armoede, die ashoop van dwelms of van intense rou. Jongmense op die ashoop van wanhoop en mense op die ashoop van dwaalleer. Hulle soek ook iets om van te oorleef. Dalk 'n bemoediging uit die Bybel, 'n troosword in die graf van depressie, dalk 'n skeppie kos by die kosprojek, dalk hulp om uit die greep van verslawing te kom. Die Here roep ons deur hierdie teksgedeelte om te gaan werk op die ashope van ons samelewing.

Die skrywer van die Hebreërbrief moedig die lesers aan om hulle slap hande en lam knieë te versterk en aktiewe gelowiges te wees (12:12). Hulle het verslap in hulle geloof en geloofsdade. Hulle kan met nuwe lewe versterk word deur die sekerheid dat Jesus Homself vir hulle op Golgota geoffer het.

Golgota!! Wat sou ons kan sê is die effek wat die naam Golgota tans op ons lewe het? Die skrywer aan die Hebreërs gee hierop 'n antwoord. Een van die verstaansleutels is die feit dat Golgota buite Jerusalem was.

Buite die laer

Die Ou Testament leer dat sekere offers buite die laer verbrand moes word. Dit gaan oor versoeningsoffers wat die sonde van die mense voor God moes uitwis: in besonder die sondoffer. Die sondoffer was 'n offer vir die hele volk.

By die offer vir die sonde van die hele volk moes die volle karkas, dus ook die eetbare vleis, buitekant die laer, later buite die stad Jerusalem, verbrand word. Dit is veral gedoen op die Groot Versoendag. Die hoëpriester moes die bloed van die offerdier opvang en dit in die Allerheiligste indra en in God se heilige teenwoordigheid sprinkel. So is versoening bewerk.

Maar die velle, die vleis met al die binnegoed en die mis moes met vuur verbrand word, want die sonde van die volk was letterlik op hierdie dier gekonsentreer. Die liggaamsdele is besoedel met sonde en moes buite die laer of stad, weg van die volk verbrand word, vernietig word. Die persoon wat dit moes doen, moes daarna gewas word sodat die sonde nie weer in die laer of stad ingedra kon word nie. En so ontstaan 'n ashoop van verbrande karkasse buite die laer en later buite die stad Jerusalem.

Jesus se offer wys terug na die offer op die Groot Versoendag

Die eerste lesers het geweet dat Jesus se offer terugverwys na die offer op die Groot Versoendag en dat sy offer vir die hele volk, dus vir mense uit alle volke en tale, gebring is. Want Jesus het buitekant die stadspoort gely. Slegs misdadigers is destyds buite die stad doodgemaak sodat hulle misdaad nie die stadsmense kon besoedel nie. Jesus word as misdadiger, as een wat met

sonde belaai is, behandel. Hy het sy kruis na Golgota gedra en daar buite die hemelse heerlikheid en selfs buite Jerusalem helse pyn en smarte beleef, ter wille van ons sonde.

Jesus het sy bloed in die Allerheiligste voor God ingedra, in die hemel, en so volkome versoening bewerk. Maar sy liggaam moes buite die stadspoort verbreek word om so ons sondeskuld en sondesmet uit te wis, uit te brand en heeltemal te vernietig. Dit is die blye boodskap van Golgota!

Effek op ons praktiese lewe

Nou trek die skrywer die lyn na ons lewens. Die feit dat Jesus juis op Golgota gesterf het, het 'n effek op ons praktiese lewe. "Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het" (vs 13).

Die volgende drie verse verklaar ons uitgaan uit die laer (vs 14, 15 en 16). Die eerste betekenis is: Laat ons na Jesus toe gaan, want ons is gereinig deur sy bloed en daarom is ons reeds in beginsel inwoners van die hemel. Ons het hier geen vaste verblyfplek nie (vs 14).

Ons moet uitgaan na Hom toe buitekant die laer. Dit het volgens verse 15 en 16 nog 'n ander betekenis. Ons moet ook dikwels uit die warmte van geloofsgenote na die koue van mense wat seer het, swaarkry en verdwaal rondloop. Ons moet buitentoe na die puinhope, na die ashope. In hierdie wêreld moet ons lippe vrugte dra soos 'n boom sy vrugte dra (vs 15). Die vrugte van ons lippe is belydenis van Jesus se Naam.

Ons moet op die ashope van ons omgewing teenoor almal van Jesus se reddende mag en genade getuig … getuig van God se groot dade in Christus, al moet ons sy smaad dra.

Golgota!! Dit is die één woord wat die vlam van ons getuienis moet aansteek! Ons lofoffer moet ook gevolg word deur die daad. "Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie" (vs 16). 'n Offer aan God bestaan nie net uit geestelike toewyding en openlike getuienis nie, maar ook in tasbare goeie dade. Ons moet buite die laer, en die Here sal wys aan wie ons sy liefde moet deurgee. Ons getuienis, ons lof, ons goeie dade en ons mededeelsaamheid moet kom by die soekendes en worstelendes en mense in geestelike pyn.

Golgota!! Die plek van Jesus se volmaakte offer. Die plek van Jesus se offer bepaal ons werkplek in die wêreld. Kom ons werk op die ashope van ons omgewing! DK

Ds. C Aucmp (Cassie) (Andeon)

Die verkiesing

Op 8 Mei gaan tussen 15 en 20 miljoen Suid-Afrikaners stembus toe. Die regering vir die volgende vyf jaar moet verkies word. As koninkryksgerigte gelowiges mag ons dit nie maar apaties by ons laat verbygaan nie. Ons het die roeping om ons te beywer vir 'n regering wat so sal regeer *"dat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid"* (1 Tim. 2:2).



Unieke verkiesing

Daar is 'n paar faktore wat meebring dat hierdie nie maar 'n normale verkiesing is nie, en daarmee moet deeglik rekening gehou word.

- Dit is ongekend in die wêreld van demokratiese stelsels dat 'n party oopgevlek staan oor korrupsie en staatskaping en leegtap van staatsbronne, en steeds die gunsteling is om die verkiesing te wen. Normaalweg reken die kiesers met korrupsie af, maar in Suid-Afrika is die "struggle"-nostalgie nog só lewend dat die ou bevrydingsparty steeds die regeringsparty bly, sy baanrekord ten spyt. Hierdie sentiment vervaag mettertyd.
- Dit is inderdaad so dat daar net een ANC op die stembrief is, maar in effek twee ANC's in regering is. Die een, waarvan president Ramaphosa aan die spits staan, wil werklik poog om korrupsie en magsmisbruik hok te slaan. Die ander, met steeds groot lojaliteit aan oudpresident Zuma, het soveel belange in 'n ondeursigtige regering en 'n netwerk wat daardie belange, asook die vrywaring van vervolging, moet beskerm dat hulle ware, skoon regering met skeiding van mag nie kan bekostig nie.
- Normaalweg word regerings deur koalisies vervang. Die vraag is of ons in Suid-Afrika genoegsame steun het aan verskeie partye om 'n sinvolle koalisie te vorm. Blote opportunistiese koalises, sonder gemeenskaplike prinsipiële onderbou, kan nie die toets van die tyd deurstaan nie, soos duidelik in Nelson Mandela-baai bewys. Die gevaar van sodanige koalisies is dat die radikale stert die gematigde hond swaai, wat groot gevaar inhou in 'n land met 'n plurale bevolkingsamestelling soos Suid-Afrika.

"Vir wie stem ek?" 'n Paar riglyne

- *Basiese regeringsfunksies* – Die mees basiese en Godgegewe taak van enige regering is om 'n bestel te skep waar die lewens en eiendom

van al sy burgers veilig is. Ons bely in Artikel 36 NGB dat dit die taak van die owerheid is om so te regeer dat *"die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kan verloop"*. Toets 'n party daaraan.

- *Verantwoordbare rentmeesterskap* – Hoe het 'n bepaalde party of regering omgegaan met dit wat deur die Here onder hulle kuratorskap geplaas is?
- *Versoening en eenheid* – Is 'n party se manifes, maar veral sy optrede positief vir versoening, eenheid en nasiebou in Suid-Afrika? Word haat en agterdog gevoed of getem deur die party se optrede?
- *Respek vir diversiteit* – In 'n multikulturele samelewing soos dié van Suid-Afrika is dit noodsaaklik dat 'n regering die diversiteit van behoeftes, belange, geskiedenis en kultuur sal erken en bevorder.
- *Sentrumpolitiek* – Om bogenoemde te bereik in 'n land soos Suid-Afrika sal radikale uiterstes na links of regs vernietigend werk. Ons het 'n regering nodig na aan die middelpunt van die spektrum.
- *Kleiner regering* – Die praktyk van 'n totalitêre regering wat ver buite sy Godgegewe mandaat optree en groot segmente van die samelewing nasionaliseer of onder (semi-)staatsbeheer plaas, lei tot magsmisbruik, oneffektiwiteit en ontmondiging van die burgerlike samelewing. (En tot beurtkrag!)
- *Onafhanklikheid van die regbank* – 'n Onafhanklike regbank is 'n erkenning van die feilbaarheid van mense wat telkens aan die reg getoets moet word.
- *Respek vir die Grondwet en fundamentele regte* – Die Grondwet is die afspraak van die bevolking waarkragtens die regering sy mandaat ontvang. Geen regering mag hom dus bo die Grondwet verhef of ligtelik daarmee omgaan nie.
- *Sosiale bewussyn* – 'n Regering moet 'n oop oog, oor en hand hê vir die armes, ook om onbillike ongelykhede met gesonde ontwikkelingsbeleid reg te stel.
- *Gerig op ekonomiese groei* – In die proses mag ekonomiese groei nie belemmer word nie. Sonder ekonomiese groei kan geen volhoubare ontwikkeling plaasvind om aan die behoefte van veral die armes te voorsien nie.
- 2 Timoteus 2 – 'n Regering moet so regeer dat ons rustig en Godsalig kan lewe. Ook moet hy, kragtens ons Belydenis, *"die heilige Woordbediening beskerm"*.

God regeer

Miskien kan jy geen party vind wat al die blokkies op die lys kan aftik nie. Dalk dink jy verkiesings en om betrokke te wees daarby, is 'n futiele oefening. Moenie kleinmoedig wees en jou apaties onttrek nie. Dis God wat regeer. Dis Hy wat die lot van ons land en al sy mense bepaal. En daarin wil Hy jou gebruik. Met jou getuienis, jou betrokkenheid, jou positiewe burgerskap, en … jou stem. DK

Bo: Die permanente uitstalling in die ou Teologiese Skool. Die borsbeelde is van proff. Dirk Postma (links) en Jan Lion Cachet, die Skool se eerste hoogleraars. (https://morneweb.wordpress.com/2018/04/11/11-april-1904-teologiese-skool-verhuis/)

Onder: Dosente en studente van die Teologiese Skool Burgersdorp 1897

Ds. Jan Malan (Burgersdorp)

BURGERSDORP

oorsprong van die Teologiese Skool (1)

Op Maandag 29 November 1869 het die Teologiese Skool amptelik sy deure oopgemaak in die buitekamers van die pastorie. Twee professore en vyf studente het die bal aan die rol gekry: prof. Dirk Postma vir die teologiese vakke en prof. Jan Lion-Cachet wat meerendeels die voorbereidende vakke gedoseer het.

Dit is die datum vir die ontstaan van die Teologiese Skool met die visie dat wyer opvoeding later sal bykom. Die PUK (deesdae NWU) se ontstaandatum word deur sommige ook as hierdie datum geneem, maar ander, soos prof. PF van der Schyff, verskil daarvan.

Die tema was *Die dag van kleine dinge* ... Twee professore, vyf studente, klaskamers en huisvesting in geboue wat ontoereikend was, maar vandag kan ons terugkyk oor 150 jaar en weet ons dat deur die genade van die Here 'n invloedryke gereformeerde teologiese inrigting daaruit gegroei het, en van daaruit skole en die universiteit. Die bydrae vir ons geloof en godsdiens en vir ons land is onberekenbaar.

Die Noord-Kaapse gemeentes met Burgersdorp onder leiding van ds. Postma aan die voorpunt, het ruim geld geskenk vir die oprigting van 'n teologiese skool. Burgersdorp het 'n huis gekoop as tweede pastorie, wat geskik sou wees vir 'n tweede dosent, met geriewe in buitegeboue vir klaskamers en ander behoeftes. Dit is as 'n geskenk aan die kerkverband aangebied vir hierdie doel en so aanvaar, en daarmee is die Teologiese Skool in Burgersdorp gevestig.

In 1876 het die Sinode besluit om 'n afsonderlike literariese departement daar te stel en 'n tweede professoraat goedgekeur vir die literariese afdeling. Op 1 Februarie 1877 het ds. Postma se seun, Petrus, diens aanvaar as professor in die pas gestigte literariese departement. Prof. PF van der Schyff stel dat dit die datum is vir die begin van die latere PU vir CHO, nou die NWU, wel ook op Burgersdorp.

Vandag is die pastorie en buitegeboue die kern van die Burgersdorp Kultuurhistoriese Museum. Die aanvanklike ontoereikende buitegeboue is in 1875

Groot doenigheid op Burgersdorp

Op die Vrydag voor die opening is 'n formele byeenkoms van die Algemene Vergadering (sinode) gehou om finale reëlings vir die vestiging van die skool te tref. Saterdag het die kuratore vergader. Vier eredienste is gehou vanaf Saterdagmiddag tot Sondagaand.

Maandagoggend 10:00 was die kerk propvol hoogwaardigheidsbekleërs: die magistraat, NG-leraar, die parlementêre verteenwoordiger, die kuratore, kerkraadslede, ook van naburige gemeentes, die aangewese twee professore en 'n aantal voornemende studente.

Die praetor van die voorafgaande sinode neem die opening waar en bevestig die twee leraars in hulle ampte met die Dordtse ondertekeningsformulier "voor de professore der Heilige Theologie".

gesloop en in 1876 vervang met ’n groot klaslokaal (20vt x 18vt), ’n kleiner kamer (18vt x 10vt), ’n waenhuis en ’n stal. Dit is die historiese gebou waarin die Teologiese Skool gedeeltelik tot 1904 gevestig was. Klasse is ook in die studeerkamer van die pastorie aangebied en waarskynlik ook in die voorkamer. Die groeiende biblioteek was ook iewers in hierdie geboue geberg.

Die huidige ou pastorie is in 1898 in Victoriaanse styl gebou en ds. Dirk Postma (M. seun) het van 1905 (toe die Teologiese Skool Potchefstroom toe verskuif het) tot met sy dood in 1940 daar gewoon. Daarna het dit diens gedoen as ouetehuis totdat dié na die huidige gebou verskuif het. Toe is die huis in twee woonstelle verdeel en verhuur.

(Volgende keer: Die Burgersdorp Kultuurhistoriese Museum) DK

Vrye Christelike Skool

Onderwys was altyd belangrik. In 1886 is ’n Vrye Christelike Skool gestig onder die toesig van Burgersdorp se kerkraad. Ds. MPA Coetsee verwys in sy openingsrede na die gewetensklousule: Staatskole van die Kaap moes godsdienstig neutraal wees. Hierdie skool is vry sodat die kerk en ouers die godsdienstige onderrig van die kinders kan behartig. Vir die skool is die ou hofgebou bekom en gedeel met die teologiese skool, waarvan die grootste werksaamhede hiernatoe verskuif het. Ook die biblioteek met sy 400-500 boeke is hier gehuisves. Weens beide instellings se groei was hierdie gebou gou ondoelmatig. Dit was ook in ’n swak toestand.

Die Teologiese Skool verskuif toe na ’n huis waarskynlik van ene Tom Warner, langs ’n Indiërwinkel. Die studente het met onnutsige streke die lewe moeilik gemaak vir hulle buurman. Eendag het hulle sy erf oorstroom deur die reënwatertenk om te gooi. Die kletsnat hoenderhaan is in die voorste lessenaar se laai gedruk en sy benoude geskreeu het die professor heel van stryk gebring. Die haan se eienaar het hulle by die rektor aangekla en met die magistraat gedreig oor “molestasie”.

Ook die rektorswoning was bouvallig. Dit is in 1894 as in ’n uiters swak toestand beskryf, en het later ineengestort. ’n Nuwe rektorswoning word gebou en teen 1895 word berig dat die nuwe woning vir prof. Cachet voltooiing nader, asook ’n gebou wat aan mev. Cachet behoort. Dié is toe in 1898 gehuur as lokaal vir die teologiese skool vir £25. Vandag nog ly huise in die ou sentrum van Burgersdorp onder die kleigrond wat alles ernstig laat kraak.

Gill College

Vader Postma het die kerklike wenkbroue laat lig toe hy sy eie seuns, Marthinus en Petrus, nie in Burgersdorp nie, maar aan Gill College in Somerset-Oos hulle opleiding laat ontvang het. Veral Burgersdorp se dominee, MPA Coetsee, het hom skerp aangespreek in die sinode en elders. Postma se argument was: *“...omdat ik daar voor hun literarische bevordering de beste gelegenheid vond.”* Ook dat dit nie ’n finaliteit was dat hulle wel in die teologie sal verder studeer nie – daarom dat hy hulle in die algemene bekwaamhede die beste moontlike opleiding laat kry. Tog wys dit dat die Teologiese Skool nog nie op die breër unversitêre algemeen wetenskaplike terrein beweeg het nie (PF van der Schyff).

Wat ’n rol gespeel het, volgens prof. Van der Schyff, is Postma se agting vir John Brebner, die Skotse predikant-onderwyser. Brebner het in 1861 vanuit Skotland in Burgersdorp aangekom as hoof van die Albert Academy en stewige onderwysgrondslae gelê. Toe hy in 1869 ’n professoraat aan Gill College aanvaar het, het hy sy twee seuns saam met Brebner gestuur. Hulle het by hom aan huis geloseer. Petrus en Marthinus het beide hulle BA-graad met lof via Gill College by die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop behaal.